F65 ~~E81~~

[65]

# TELEFAKS

AAN = KANTOOR VAN DIE VOORSITTER, SAUK, AUCKLAND PARKK
AANDAG= MEV INA VAN SCHALKWYK FAKS = (011)714-3569
VAN = PROF CHRISTO VILJOEN, STELLENBOSCH
DATUM = 1993-07-06

Beste Ina

1. Baie dankie vir die konsep wetsontwerp oor die IBA. Ek is vir die volgende paar dae, tot die 13de Julie, op Graaff-Reinet (tel: 0491-22608) vanwaar ek nie 'n faks sal kan versend nie, en lewer derhalwe die volgende oppervlakkige kommentaar in die beperkte tyd wat ek vanaand toegelaat is. Gelukkig stem die konsep wetsontwerp in baie opsigte ooreen met die vorige weergawe waarop ek reeds kommentaar direk aan die GUH gelewer het; ek was ook tevrede en instemmend met die kommentaar wat die SAUK Bestuur op die vorige weergawe ingedien het. Ek merk dat baie van die vorige kommentaar aangespreek is in die weergawe van vanaf die Tegniese Komitee kom. Hier volg derhalwe slegs enkele brokkies kommentaar:

2. Onder Artikel 3 Policy (Hoofstuk 2) kom kort dat die regulerende stuktuur sal toesien dat uitsendings in die elektromagnetiese spektrum sal voldoen aan voorgeskrewe tegniese spesifikasies wat die IBA mag neerle, bv ten opsigte van harmonieke uitstraling, steuring aan buurkanale, maksimum toelaatbare uitgestraalde sendkrag, dekkingsarea, ens. Dit is een van die belangrikste aspekte van die IBA, en een wat grootliks geignoreer word in die konsepwet.Die IBA moet in staat gestel word om op te tree teen uitsaaiers wie se uitsendings nie aan die tegniese standaarde voldoen nie, anders sal dieselfde chaos as wat in Italie ontstaan het, in SA kan ontstaan. Dit is my mening dat die IBA inderdaad 'n lisensie moet kan intrek indien hierdie tegniese voorskrifte nie nagekom word nie, of deurlopend oortree word. Ons kan nie toelaat dat 'n uitsaaier sommer enige sender aan mekaar flans en op die lug plaas, ssonder behoorlike inagneming van aspekte soos frekwensiestabiliteit, -akkuraatheid, harmonieke uitstralinhgs, liniealiteit, ens nie.

3. Wat die samestelling van die IBA betref, word dit gestipuleer dat die vyf lede op 'n voltydse basis aangestel sal word. By die vereistes in Artikel 6 moet voorsiening gemaak word daarvoor dat 'n lid ten opsigte van artikels 6(a),(b), (c),(d) en (e) sal kan losmaak van sodanige pos ten einde op die IBA te kan dien.

4. By Artikel 14(4) behoort eksplisiet voorsiening gemaak te word dat die IBA 'n gebeurlikheids- of reserwefonds kan opbou vir toekomstige gebruik.

5. Onder artikel 26 behoort eksplisiet voorsiening daarvoor gemaak te word dat deskundiges vanaf ander instansies (bv Telkom, of die SAUK, of 'n universiteit, of wat-ook-al) na die IBA gesekondeer kan word vir tydelike/langdurige hulpverlening; hier

456

dink ek bv aan deskundiges om te help met spektrum-administrasie en -beplanning, ens.

6. Dit is nie baie duidelik wat die doel is van Artikel 30(2) en (3) nie. Toegegee: bevolkingsdigtheid is belangrik wanneer die diensarea van 'n uitsaailisensie oorweeg word, maar ander demografiese faktore sou ook in ag geneem moet word. En wat gebeur as die bevolkingsdigtheid met verloop van tyd verander vanwee bv verstedeliking of ontvolking? Ek sou dink dat Artikel 30 liefs slegs moet se dat die IBA "may take demographic, population density and other geographical conditions into consideration when determining the service area of a broadcasting licence". Geografiese faktore (bv bergagtigheid, wat seinverspreiding bemoeilik) is tog ook 'n belangrike faktor! So ook taalverspreiding, ens. ens.

7. In Hoofstuk 7 behoort gespesifiseer te word dat die IBA gemagtig moet word om die dekkingsarea, maksimum toelaatbaare uitgestraalde krag vanaf 'n send-antenne, uitstraalpatroon van 'n send-antenne, lokaliteit en selfs die hoogte van die uitsaaimas van 'n send-antenna in die uitsaailisensie kan spesifiseer. As 'n uitsaaier enige uitsaaikrag van eie keuse mag gebruik, of uitsendings spesifiek kan rig in 'n sekere rigting, sou hy die dekkingsgebied van sy uitsaailisensie kon oorskry. Trouens, die IBA behoort gemagtig te word om 'n bepaalde uitsaailisensiehouer te dwing om sy uitsaaikrag te verminder totdat dit die toelaatbare dekkingsarea bedien, om bedoelde oorspoeling te vermy. Sonder so 'n magtiging vir die IBA gaan uitsaaiers in naasliggende uitsaaigebiede baie gou kla van "oorspoeling". (Vergelyk die saga tussen die SAUK en Bophuthatswana insake moedswillige oorspoeling!). Dit is in elk geval in ooreenstemming met ITU voorskrifte.

8. Ek vind die beperkings op kruis-media eiensaarskap in Artikel 47 onbevredigend. Dit spesifiseer 'n geweldige klomp detail wat liefs deur die IBA bepaal moet word. Ook vind ek die sirkulasiesyfer van 300 000 in artikels 47 (7),(8),(9), (10),(11) en (12) te laag: dit behoort verminder te word na 100 000 anders is dit slegs van toepassing op twee huidige (Sondag)koerante. My oortuiging is dat die wet eksplisiet moet se dat geen uitsaaier in meer as twee van die drie "media": radio, TV en koerantwese, mag opereer nie. Dit sou gedoen kon word deur bv te stipuleer dat enige koerant of koerantgroep wat meer as 'n 5% aandeel in enige nasionale TV of radio-uitsaaidiens besit, nie enige verdere uitsaai-lisensie mag hou of 'n aandeel daarin mag he nie. 'n Belang-rike doel van die wetsontwerp is om die getal stemme op die lug te maksimeer; dit kan slegs gedoen word deur die huidige media-magnate aan bande te le en te verhoed dat hulle ver-dere uitsaailisensies bekom.

9. In Artikel 50(1)(a) behoort "chat shows" ingesluit te word in die programtipes wat nie as "local television content" kwalifiseer nie.

10. Die huidige bewoording van Artikel 7(1) en (2) ten opsigte van die termyn van aanstelling van IBA Kommissarisse, is

onbevredigend. Hierdie Artikel behoort bloot te se dat voldoende kontinuiteit verseker moet word sodat die termyn van nie meer as twee lede van die IBA by dieselfde geleentheid sal verstryk nie.

11. Die woord "control" moet omskryf word in Skedule 4, bv "in control of a newspaper", "control of the company", ens. Hiervoor is 'n definisie onder Artikel 1 nodig.

12. Die belangrike Artikels 35 tot 37 kom nog kort!

By die eerste deurlees van die konsepwet was daar enkele ander sake waarop ek kommentaar wou lewer, maar die tyd ontbreek. As dit my byval sal ek sodanige aspekte telefonies aan Mev Ina van Schalkwyk oordra.

Verskoon asb tikfoute in die teks hierbo!

Groete!

Prof HC VILJOEN